GREY KOLLEGE SEKONDÊR
COLLEGE SECONDARY

A SOUTH AFRICAN PARALLEL MEDIUM SCHOOL FOR BOYS

'N SUID-AFRIKAANSE PARALLELMEDIUMSKOOL VIR SEUNS

Gestig 1855 Founded

TOESTEMMING VIR VERVOER & VRYWARING TEEN AANSPREEKLIKHEID

Ek die ondergetekende,

_____(ID_____)
in my hoedanigheid as natuurlike ouer / voog van

_____(ID_____),

1. gee hiermee onvoorwaardelik toestemming aan die onderwysers en personeel van Grey Kollege Sekondêr (waarby sonder enige uitsluiting ingesluit is, Huisvaders, Matrones en personeellede) om my bovermelde seun per motorvoertuig of bus te vervoer, wanneer ek óf my seun óf enige een anders verantwoordelik vir my seun dít versoek, óf wanneer dit redelikerwys nodig geag word vir watter rede ook al;
2. verstaan en is ten volle bewus daarvan dat die bovermelde toestemming vir die vervoer van my bovermelde seun gegee word op die uitdruklike basis van die ondervermelde **VRYWARING** teen aanspreeklikheid;
3. verstaan en is ten volle bewus daarvan dat díe vervoer van my bovermelde seun ingevolge die bovermelde toestemming, geskied op sy en my uitsluitlike risiko;
4. verstaan en is ten volle bewus daarvan dat geen bestuurder van ‘n motorvoertuig óf bus wat ingevolge die bovermelde toestemming gemagtig is om my bovermelde seun te vervoer, of die werkgewer van só ‘n bestuurder óf Grey Kollege Sekondêr óf die Beheerliggaam van Grey Kollege Sekondêr óf die Departement van Onderwys, enige aanspreeklikheid aanvaar, vir enige verlies, besering, skade, lewensverlies van watter aard ook al en hoe dít ook al tot stand mag kom, wat gely mag word deur my óf my bovermelde seun, terwyl hy vervoer word of as gevolg van sodanige vervoer ingevolge die bovermelde toestemming nie;
5. doen by ondertekening hiervan afstand van enige reg van watter aard ook al wat ek óf my bovermelde seun regtens mag hê om enige vorm van vergoeding of kompensasie van enige een óf meer van die bovermelde persone en/of entiteite te eis in verband met enige vorm van verlies, besering, skade, lewensverlies van watter aard ook al, en hoe dit ook al mag ontstaan en/of gely mag word gedurende óf as gevolg van die vervoer van my bovermelde seun ingevolge die bovermelde toestemming, ongeag óf die verlies, besering, skade óf lewensverlies mag voortspruit uit nalatigheid van enige een óf meer van die bovermelde geïdentifiseerde persone en/of entiteite óf andersins;
6. **VRYWAAR** by ondertekening hiervan elke een van die bovermelde persone en/of entiteite van aanspreeklikheid vir enige vorm van enige eise van watter aard ook al, en hoe dit ook al mag ontstaan in verband met die vervoer van my bovermelde seun ingevolge die bovermelde toestemming.

HANDTEKENING _____

PLEK_____ DATUM _____